

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 70

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 40 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN **Beantwoord slegs EEN vraag.**		
VRAAGNOMMER	**PUNTE**	**BLADSYNOMMER**
1. *Kringe in 'n Bos*	35	4
2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	35	8
3. *Meeulanders*	35	12
4. *Lien se Lankstaanskoene*	35	16
AFDELING B: DRAMA **Beantwoord slegs EEN vraag.**		
5. *Poppie – die drama*	35	20
6. *Paljas*	35	24
7. *Fiela se kind*	35	28
AFDELING C: KORTVERHALE **Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.**		
8.1 "Van Precious: 'n Buisie salf"	18	32
EN		
8.2 "Roep van die vleikuiken"	17	34
AFDELING D: GEDIGTE **Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.**		
9.1 "By die robot in Eerstelaan"	18	36
EN		
9.2 "Huiskat"	17	38

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking en kontras gevra word, verdien die kandidaat 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word. Ironie tel slegs een punt en die ironie moet duidelik uit die antwoord blyk.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met koeëlpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	Joram was besig **om die kalander/hout gereed te kry** om uitgesleep te word/besig **om dwarslêers te maak** (soos MacDonald gevra het).	1
1.2	'n Plek ... • van swaarkry/sukkel • van hopeloosheid • van armoede • sonder 'n toekoms/uitsigloosheid • waar mense uitgebuit word • van onkunde *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.3	• Saul wou nie 'n pad loop wat nêrens heen lei nie. • Sy pa het hom weggejaag. • Saul het by MacDonald werk gekry. • Saul wou nie 'n houtkapper wees nie/die Bos verder vernietig nie. • Saul wou geld verdien om met 'n skip te kon weggaan. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
1.4	aan die kalander wou kap nie	1
1.5	• Saul het uiteindelik sy vryheid in die Bos/Knysna gevind./Hy is terug Bos toe/Knysna toe. • Saul het toe nooit met die skip weggegaan nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.6.1	• Boskinders is as wild/vuil beskryf. • All woodcutters are wild and dirty (and so are their children). • Houtkappers se kinders was wild en vuil. *(Enige EEN)*	1
1.6.2	• Saul het verneder/minderwaardig gevoel. • Saul het skaam gevoel. • Saul het ongelukkig gevoel. • Saul het uitgelewer/blootgestel gevoel. • Saul het verward gevoel. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.7	• Die houtkappers werk eintlik vir die houtkopers/is eintlik in die houtkopers se mag. • Die houtkappers doen presies wat die houtkopers vir hulle sê om te doen. • Die houtkappers ontvang net goodfors en geen geld nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.8	verraaier	1
1.9	• MacDonald het hom nooit vir sy werk betaal nie. • MacDonald het Saul se pa se skuld van sy loon afgetrek. • MacDonald het vir Saul twee sjielings per week belowe wat hy nooit gegee het nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.10	• A • deel van die skewe sirkel was. • A deel van die skewe sirkel was. *(Enige EEN)*	1
1.11.1	• E • Saul leer Engels praat en sy opvoeding verbeter. • E Saul leer Engels praat en sy opvoeding verbeter. *(Enige EEN)*	1
1.11.2	• D • Saul en Kate kan tyd saam deurbring. • D Saul en Kate kan tyd saam deurbring. *(Enige EEN)*	1
1.11.3	• B • Saul voel gemaklik in sosiale kringe. • B Saul voel gemaklik in sosiale kringe. *(Enige EEN)*	1
1.11.4	• C • Saul verlaat Knysna en gaan Swellendam toe. • C Saul verlaat Knysna en gaan Swellendam toe. *(Enige EEN)*	1
1.12	• Saul het gesien dat jy sekere mense nie kan vertrou nie. • Mense wat besigheid doen, is nie altyd eerlik nie. • Saul het gesien hoeveel skewe sirkels daar was./Saul het die skewe sirkel leer ken. • Saul is nie maklik in Knysna se sosiale kringe aanvaar nie. • Harde werk is nie altyd genoeg nie. • Saul het gesien dat rykdom veroorsaak dat jy jou mag misbruik. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.13	Die nuus oor Arend (Botha) se dood.	1
1.14	MacDonald het gesê Patterson wou die loeries (voëls) bestudeer. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.15.1	• MacDonald het Kate verbied om Saul te sien. • MacDonald het Kate weggestuur Kaapstad toe. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.15.2	• MacDonald het Saul se loongeld gevat vir sy pa se *goodfors./*Saul het verniet gewerk. • MacDonald het Saul verplig om Knysna te verlaat voordat MacDonald weer hout by Saul se mense sou koop. • MacDonald het verseker dat niemand in Knysna 'n erf aan Saul verkoop nie. • MacDonald het Saul verbied om Kate te sien. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.15.3	MacDonald het Smith oorreed om ... • ook soms die houtkappers terug te jaag met 'n vrag hout. • nie hout by die Barnards te koop nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.16	• Saul se pa/Joram se skuld • Al die skuld vir die *goodfors* • Die skuld op die kis *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.17	Patterson het ... • vir Saul gewys hoe om goud te delf. • sy goudpan vir Saul belowe. • indirek vir Saul die kans gegee om uit MacDonald se mag te kom. *(Enige EEN of soortgelyk)*	1
1.18	• C • Engels en ryk • C Engels en ryk *(Enige EEN)*	1
1.19	C Saul begin goud in die Bos delf. A Saul kom agter dat MacDonald weier om hout by sy familie te koop. D Saul leer in Swellendam om meubels te maak. B Saul besluit om Engeland toe te gaan.	4

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.20	• Saul kon sy eie lewe/toekoms beplan. • Saul kon sy eie besluite neem. • Saul kon vir Kate iets bied. • Saul kon sy familie help. • Saul kon die skewe sirkel in sy lewe breek. *(Enige EEN of soortgelyk)*	1
1.21	Aan die een kant kon hy skuldig gevoel het dat hy nie dinge met sy pa uitgepraat het nie✓, maar aan die ander kant het hy ook nie geweet of sy pa hom ooit sou verstaan/aanvaar nie. ✓ *(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen punte.)*	2
1.22	MacDonald het tot die gevolgtrekking gekom dat ... • hy Kate verloor het. • Kate by Saul wou wees. • Kate en Saul saam wou wees. • hy geen mag meer oor Kate gehad het nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.23.1	Saul was nie bang nie. *(1.23.1 moet korrek wees om 'n punt by 1.23.2 te verdien)*	1
1.23.2	• Al het MacDonald sy twee vriende by hom gehad, het Saul hom steeds uitgedaag. • Saul het MacDonald met die kluit gegooi. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[35]

VRAAG 2: ***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM*** **– Marita van der Vyver**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1	• Margot het 'n rol in 'n TV-reeks (in Johannesburg) kom vertolk/speel. • Margot het 'n rol in 'n TV-reeks gekry. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.2	'n Heks is 'n persoon wat ... • onaangenaam/aaklig is. • nie goeie bedoelings teenoor ander mense het nie. • lelik teenoor ander mense optree. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.3	Margot sou dit dalk nie geniet nie, want ... • daar was nie elektrisiteit in die huis nie/daar was geen moderne geriewe in die huis nie. • sy sou nie haar haardroër kon gebruik nie. • sy sou nie met die huishoudelike take wou help nie. • sy kon onmoontlik wees/'n "glamour queen" wees. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.4	vir Hanna mooi gegrimeer het	1
2.5	• Hanna skep 'n vals karakter/haar alter ego/Fabienne. • Hanna wil ook iemand anders as haarself wees. • Hanna wou ook 'n vals lewe/beeld vir haarself skep. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.6.1	koningin	1
2.6.2	Hierdie bynaam kon hulle ... • negatief teenoor haar ingestel het/voor die tyd laat voel dat Margot dink sy is beter as ander mense. • laat dink dat sy moeilik sou wees. • beïnvloed om nie van haar te hou nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.7	opwindend	1
2.8	Margot het gesê sy het Beyers nog nooit so gelukkig gesien nie. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.9	• B • beïndruk is deur • B beïndruk is deur *(Enige EEN)*	1
2.10	Hanna Hoekom	1
2.11.1	• B • Hy is die eerste een om te erken dat hy nie weet wat hulle sonder Margot sal doen nie. • B Hy is die eerste een om te erken dat hy nie weet wat hulle sonder Margot sal doen nie. *(Enige EEN)*	1
2.11.2	• D • Hy steek tydens Margot se besoek sy regte gevoelens weg. • D Hy steek tydens Margot se besoek sy regte gevoelens weg. *(Enige EEN)*	1
2.11.3	• E • Hy klou letterlik van Margot se aankoms af aan haar vas. • D Hy klou letterlik van Margot se aankoms af aan haar vas. *(Enige EEN)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.11.4	• A • Hy kan nie genoeg van Margot se lewe as aktrise in Amerika hoor nie. • A Hy kan nie genoeg van Margot se lewe as aktrise in Amerika hoor nie. *(Enige EEN)*	1
2.12	Gavin het ... • vir haar gesê dat sy moes wees wie sy regtig is. • haar laat verstaan dat sy goed/fabulous was net soos sy is/sonder grimering was. • sy eie foute erken wat Margot aangespoor het om dieselfde te doen. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.13	• (Hulle was opgewonde) dat Margot nou kon wegkom stad toe. • Die reën het opgehou. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.14	• Die leser was onder die indruk dat Hanna nie van Margot gehou het nie. • Die leser verwag nie dat Hanna se opinie omtrent Margot sou verander nie. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.15	Ditjie se geboorte *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.16	• Ditjie/Mana kon by die hospitaal/beskawing uitkom. • Die gesin was as gevolg van ‘n storm op Botterberg vasgekeer. • Margot moes in Johannesburg wees. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.17.1	• Margot se afskeidswoorde het Hanna gemotiveer om haar eie lewensverhaal te skryf. • Margot het met haar vertrek vir Hanna finaal laat glo dat sy haar roman gaan skryf. • Toe Margot groet, het Hanna vir Margot finaal aanvaar. • Toe Margot groet, het Hanna besef sy gaan haar mis. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.17.2	• Toe Margot groet, kon Yann nie sy hartseer wegsteek nie. • Yann het sy ma genooi om te kom kuier. • Yann het sy ma toe as deel van die nuwe familie erken. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.17.3	• Margot se vertrek het Tibo bek-af gelaat. • Tibo het besef hy sou nie meer met Margot kon praat nie. • Tibo het ongelukkig gevoel omdat hy nog so baie gehad het om vir Margot te vra. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.18	• D • bose heks en 'n goeie fee • D bose heks en 'n goeie fee *(Enige EEN)*	1
2.19	C Mana en haar hele gesin kom vir 'n wittebrood op Botterberg aan. B Interessante gaste, onder wie Margot Jordan, daag op. A Die gesin beleef 'n wolkbreuk op Botterberg. D Die gesin sien hulleself nou, in Yann se woorde, as 'n nuwe familie. (Aanvaar ook CABD).	4
2.20	• Margot het haar seuns/die hele saamgestelde gesin beter leer ken. • Margot is as deel van die gesin aanvaar. • Margot het haarself op die berg gevind/geleer om te wees wie sy is/het geleer om nie meer voor te gee nie. • Margot het besef hoeveel sy haar seuns mis. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.21	Aan die een kant het sy uitgesien na haar nuwe rol op TV/om saam met die helikoptervlieënier te gaan uiteet,✓ maar aan die ander kant moes sy haar seuns agterlaat/het sy nie geweet wanneer sy weer haar seuns sou sien nie.✓ *(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen punte.)*	2
2.22	Hanna het besef dat ... • sy haar pa/vir Gavin bewonder/nie haar vir hom hoef te skaam nie. • sy geen yslike teleurstelling vir Gavin/haar (trendy) pa was nie. • Gavin/haar pa ook vir haar 'n eksotiese naam sou wou gee. • sy reeds by geboorte, vir haar pa/Gavin wonderlik/perfek was. • sy nie haarself hoef te verander om aanvaar te word nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.23.1	Hoe sy lyk, was nie meer so belangrik nie. *(2.23.1 moet korrek wees om 'n punt by 2.23.2 te verdien)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.23.2	Tydens die geboorte van die baba het Margot: • haar lang naels geknip • nie aandag aan haar hare geskenk nie • nie omgegee dat haar grimering gesmeer het nie *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[35]

VRAAG 1: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	• Ryna se man het haar gesin vernietig (omdat hy by onwettige dinge betrokke was). • Haar man/seun (Ronnie) het in die huis doodgebrand. • Haar man is dood. • Haar seun is dood. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.2	• Dit is Ryna se dagboekinskrywings. • Dit wys dit is Ryna se gedagtes/gevoelens. • Dit onderskei gedagtes/dagboekinskrywings van die verhaal(lyn). *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.3	'n tweede kans te gee	1
3.4	• Camilla/Ryna wou nuut/oor begin. • Camilla/Ryna wou wegkom van die hartseertyd toe sy Camilla was. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.5.1	Ant Hansie was ... • gasvry. • besorgd. • soos 'n ma (wat haar kind terug verwelkom). • versorgend. • vol begrip. • Ant Hansie het haar goed behandel. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.5.2	Matthys het ... • met respek teenoor Ryna opgetree/haar Juffrou genoem. • meer formeel met Ryna gepraat. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.5.3	Jacob ... • het haar nie vriendelik ontvang nie. • was ongeskik met Ryna. • het nie eers haar blyplek reggekry nie. • het haar nie welkom laat voel nie. • het haar sleg behandel. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.6	• Ryna doen **navorsing** vir ‘n boek oor **kusvoëls.** • Ryna het **moederlik** teenoor Daniel en Janka opgetree/ Ryna was **versorgend** (teenoor Jacob, Jannerik, Elsabet en die skipper). *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
3.7	Jacob het gedink dat ... • die persoon/Van Rensburg/Ryna ‘n man was. • die persoon/Van Rensburg/Ryna net vir drie weke/’n kort rukkie Meeuland toe sou kom. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.8.1	Jacob is ... • ongemanierd. • onbeskof. • kortaf. • nie ‘n aangename mens nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.8.2	• Ant Hansie het skaam/jammer gevoel (oor Jacob se ongeskikte/onbeskofte manier van praat). • Ant Hansie was bang, (want sy het nie geweet hoe om hom te stop nie). *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.9	Jannerik	1
3.10	• Ryna was bereid ... o om met niks oor te begin. o om heeltemal ‘n ander werk te begin doen. o om in vreemde wêreld/omgewing te begin werk. o om na ‘n vreemde omgewing te gaan alhoewel sy onwelkom was. • Dit was nie maklik om oor te begin na alles wat met Ryna gebeur het nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.11	• B • dat ‘n mens op hierdie eiland ver vooruit kyk en ver agteruit ook. • B dat ‘n mens op hierdie eiland ver vooruit kyk en ver agteruit ook. *(Enige EEN)*	1
3.12	• Ryna het **betrokke geraak by die ander se lewens** en dit het haar juis gehelp. • Dis juis **haar betrokkenheid by die Meeulanders** wat haar rigting gegee het. • Ryna was van die begin af nie alleen op die eiland nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.13	Ryna kon ... • Elsabet se vriendin/vertroueling word. • Elsabet met die geboorte bystaan. • vir Janka versorg. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.14	B Attie ontmoet vir Ryna op Salamanderbaai. D Attie besluit om ‘n pos op Meeuland te aanvaar. A Ryna aanvaar nie Attie se trou-aanbod nie. C Attie gaan werk op ‘n diamantboot in Suidwes.	4
3.15.1	• C • Jacob vlug Meeuland toe. • C Jacob vlug Meeuland toe. *(Enige EEN)*	1
3.15.2	• D • Jacob se pa beland in die tronk. • D Jacob se pa beland in die tronk. • *(Enige EEN)*	1
3.15.3	• A • Jacob moet sy kind alleen grootmaak. • A Jacob moet sy kind alleen grootmaak. *(Enige EEN)*	1
3.15.4	• B • Jacob beland in die tronk. • B Jacob beland in die tronk. *(Enige EEN)*	1
3.16	Ryna het dit beleef as ‘n plek waar sy heel kon word/nuut kon begin/kon vry kom van haar hartseer oor haar verlede. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.17	Janka se stootkarretjie	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.18	• Ryna kon vir haar moederliefde gee. • Ryna kon weer ‘n ma wees vir ‘n kind/versorgend wees. • Janka kon die verlange na Ronnie minder maak. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.19	• Aan die een kant is Ryna bly dat hulle iets goeds vir Elsabet kon doen, ✓ maar aan die ander kant het dit haar gepla dat Janka, Elsabet en Fred nooit die waarheid sou ken nie/maar aan die ander kant het sy gewonder of dit regverdig was om die kind met ‘n leuen groot te maak ✓. • Aan die een kant het hulle belowe om nooit die geheim te verklap nie, ✓ maar aan die ander kant het sy gewonder of dit regverdig was om die kind met ‘n leuen groot te maak/maar aan die ander kant het dit haar gepla dat Janka, Elsabet en Fred nooit die waarheid sou ken nie ✓. *(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen punte.)*	2
3.20	• D • deel van die lekker atmosfeer in Ryna se huis is nie. • D deel van die lekker atmosfeer in Ryna se huis is nie. *(Enige EEN)*	1
3.21	Ryna en Janka het al ... • swaar genoeg gekry. • genoeg verliese gely. • genoeg met die dood/afskeid te doen gekry. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.22	Attie moes leer dat ... • jy rustig moet wees in ‘n verhouding (nie met onuitblusbare geesdrif nie). • jy nie ‘n verhouding kan forseer/afdwing op iemand nie. • die ander persoon dieselfde moet voel om ‘n verhouding te laat werk. • jy moet weggaan om die persoon toe te laat om sy/haar liefde vir iemand anders uit te leef. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.23.1	Hy neem ander mense se gevoelens in ag. *(3.23.1 moet korrek wees om ‘n punt by 3.23.2 te verdien)*	1
3.23.2	Attie verstaan dat: • Ryna nie in ‘n verhouding met hom wil wees nie. • Janka Ryna se prioriteit is. • hy Ryna en Jacob se behoeftes voor sy eie moet stel. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[35]

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	• Hy was in ‘n (motor)ongeluk. • ‘n Motor het hom gestamp. • Eers het ‘n motor hom gestamp en toe het ‘n vragmotor oor sy bene gery. • ‘n Vragmotor/trok het oor sy bene gery. • Tibbey het sy bene verloor. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.2	• Vir die suster/hospitaal is Tibbey maar net nog een van baie soortgelyke gevalle./Tibbey is nie vir die suster spesiaal/ uniek nie. • Tibbey word nie as mens raakgesien/erken nie./Sy sien neer op Tibbey/Tibbey is nie waardig in haar oë nie. • Tibbey word gestereotipeer/is net nog ‘n hawelose/bedelaar. • Haar siening van Tibbey is ‘n veralgemening. • Die verpleegsuster grond haar opinie op Tibbey se ras./Die verpleegsuster is rassisties. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.3	• (Tant) Malie se (tee)tuin/Malie’s Garden/By ‘n koffiewinkel/ restaurant/kafee. • Millennium Creations/By ‘n haarkapper/haarsalon/by Dirkie en Donovan se haarkapper(y). *(Kandidate mag ook die werksplek omskryf)*	2
4.4	haar skoolwerk afgeskeep	1
4.5.1	Entertainment Corner	1
4.5.2	(Tibbey het geglo dat hy op daardie hoek betaal word) om mense te laat lag/mense te vermaak/op te “cheer”/”entertain”. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.6	• Tibbey was altyd reg met ‘n slim sêding/het maklik gepraat/geroep terwyl hy tussen die karre beweeg. • Tibbey het altyd almal met sy woorde vermaak. • Tibbey kon altyd vir Lien antwoorde oor haar lewe gee. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.7	Met hierdie karretjie kon Tibbey weer ... • sy bedelwerk doen. • onafhanklik wees/rondbeweeg. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.8	sy	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.9	• D • 'n vriendin was op wie 'n mens onder moeilike omstandighede kon reken. • D 'n vriendin was op wie 'n mens onder moeilike omstandighede kon reken. *(Enige EEN)*	1
4.10	• Dirkie het Lien (op sy eie onkoste) hospitaal toe geneem. • Dirkie het oproepe gemaak om uit te vind in watter hospitaal Tibbey was. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.11.1	• B • Lien moet by 'n nuwe blyplek en skool aanpas. • B Lien moet by 'n nuwe blyplek en skool aanpas. *(Enige EEN)*	1
4.11.2	• E • Lien kry skaam voor haar skoolmaats. • E Lien kry skaam voor haar skoolmaats. *(Enige EEN)*	1
4.11.3	• D • Lien moet alleen die takies in die huis doen. • D Lien moet alleen die takies in die huis doen. *(Enige EEN)*	1
4.11.4	• C • Lien wonder of almal dink dat sy 'n prostituut is. • C Lien wonder of almal dink dat sy 'n prostituut is. *(Enige EEN)*	1
4.12	• Lien het geweet sy jok eintlik vir Tibbey. • Lien het dit net gesê om hom te troos. • (Lien het geweet) alles gaan nie regkom nie/daar was baie struikelblokke. • Lien het nie geweet of alles sal regkom of watter plan hulle kon maak nie. • Die hane kraai dui op onwaarheid/leuens/verraad. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.13	• Lien wou gaan seker maak dat Tibbey nog sy werk/sy blyplek sou hê. • Lien wou gaan hoor of Tibbey op 'n ander manier kon werk om sy blyplek te behou. • Lien wou met James van Biljon gaan onderhandel sodat Tibbey in die buitekamer kon aanbly. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.14	Hein het ... • die **karretjie/kar**/ryding (spesiaal vir Tibbey se behoeftes) ontwerp. • 'n **oprit/"ramp"** gebou (vir die karretjie sodat Tibbey by sy kamer kon inkom). • Tibbey se **bed laer** gemaak. • Tibbey se (spieël)**kas se pote afgesaag**. • vir Tibbey se **wasbak en toilet 'n stellasie** gemaak sodat hy maklik by die wasbank en toilet kon uitkom. • vir Lien gehelp om Tibbey se blyplek aan te pas. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Fokus op die voorsiening in Tibbey se behoeftes.)*	1
4.15	• Roos het vir Lien gehelp deur te sê watter skoene om te dra/hoe haar plakkaat moet lyk/hoe om haar vel teen son te beskerm. • Roos het vir Lien gewys op watter hoek sy kon staan. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.16	Breytenbach	1
4.17.1	• Lien het Miemie by die oefendae ontmoet/by Miemie gekuier. • Lien het Hein wat die stel vir die konsert gebou het, ontmoet. • Lien en Hein het op die pawiljoen gesels. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.17.2	• Lien het, deur *Weird Maria* te speel, haar probleme vergeet. • Op die verhoog het sy gevoel sy kruip weg van die werklikheid/kon sy iemand anders wees. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.17.3	Die aand van die konsert ... • het Lien se ma weer in die openbaar verskyn. • was haar ma daar om haar te ondersteun. • het haar ma weer klavier gespeel. • was haar ma netjies aangetrek. • het haar ma net vrugtesap gedrink. • het haar ma met ander mense gesosialiseer. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.18	• B • Weird Maria • B Weird Maria *(Enige EEN)*	1
4.19	C Lien besef finaal sy is nie meer deel van die ou omgewing nie. B Lien se ma steel by die winkel. D Lien vervals briewe om skool te "bunk". A Tibbey beland in die hospitaal.	4
4.20	Lien het geleer ... • om nie neer te sien op bedelaars nie. • om haar kop hoog te hou. • wat dit beteken om nederig te wees. • wat ware vriendskap was. • om vas te byt. • die harde lewe te hanteer. • jy het nie rykdom nodig om 'n goeie mens te wees nie. • enige eerbare werk is goed genoeg. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.21	Aan die een kant het sy uitgesien na haar nuwe lewe weg van die strate af,✓ maar aan die ander kant moes sy haar vriende groet – dalk vir altyd.✓ *(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen punte.)*	2
4.22	Lien het besef dat hulle ... • elkeen hul eie paadjie moes loop. • mekaar ander vriendskappe moes gun/platoniese vriende was. • nie saam matriekafskeid toe sou gaan nie. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.23.1	Lien is lojaal teenoor haar vriende. *(4.23.1 moet korrek wees om 'n punt by 4.23.2 te verdien)*	1
4.23.2	• Lien laat nie vir Tibbey oor aan sy eie lot ná sy ongeluk nie. • Lien onthou haar vriende wanneer haar lewe wel rigting kry. • Lien nooi haar vriende uit om die konsert by te woon. • Lien wou haar vriende gelukkig maak/wou gehad het dit moet goed met hulle gaan. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1	Lambertsbaai	1
5.2	Poppie het ... • alles oor haar Xhosa-**geloof** geleer/die streng wette van haar godsdiens geleer. • geleer om die **taal**, Xhosa, met trots te praat. • Alles oor die Xhosas se **leefwyse** geleer, bv. om die lande te bewerk, suurpap te maak, water te gaan skep, respek vir jou man te wys. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.3	D Poppie se pa is weg. B Poppie word op negejarige ouderdom uit die skool gehaal. A Ouma Hannie sterf. C Poppie werk in die visfabriek.	4
5.4	• B • hartseer oor • B hartseer oor *(Enige EEN)*	1
5.5	• Poppie moes die skool verlaat om na ma Lena se kinders te kyk. • Poppie het nie van Mbatane gehou nie/Poppie wou nie vir Mbatane as haar pa aanvaar nie. • Die huis was oorvol en te klein./Daar was te veel mense wat in een huis saamgewoon het. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.6	nie vir hulle gesorg nie	1
5.7.1	• Oom • Oom Mbatane *(Enige EEN)*	1
5.7.2	• Poppie het hom nie as pa aanvaar nie. • Poppie het geweier om hom as haar pa te erken. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.8	• Poppie het Mosie se boeke gelees. • Poppie het skoolliedjies saam met Mosie gesing. • Poppie het saam met hulle die *Jongspan* gelees. • (Gee ook voorbeelde van inhoud van Jongspan bv. Tarzan, ens.) *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.9	• Poppie moes skool verlaat./Poppie se broers kon aanhou skoolgaan. • Poppie moes ma Lena se kinders oppas. • Popie moes in die huis help. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.10.1	• Bonsile was koppig om saam met sy ma te trek. • Bonsile wou nie sy ma by hul nuwe blyplek help nie. • Bonsile het tot laat uitgebly; daarom moes Poppie laat wakkerbly. • Bonsile het 'n meisie swanger gemaak; daarom moes Poppie damage-geld betaal. • Bonsile het sy kind verwaarloos; daarom moes Poppie vir Vukile (haar kleinkind) sorg. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.10.2	• Jakkie het 'n polisieman geskiet (en Mama en Baby is as gevolg daarvan gearresteer). • Jakkie het Poppie se kinders by sy probleme betrek/ Poppie se kinders is gearresteer nadat Jakkie gevlug het. • Poppie het Jakkie grootgemaak en hy het iemand geskiet/ by die opstande betrokke geraak. • Jakkie het gevlug en Poppie het nie geweet waar hy was nie. • Poppie het gesien hoe swaar ma Lena gekry het oor Jakkie se betrokkenheid by die opstande. • Poppie is by haar werk ondervra. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.10.3	• Stone het by die melkery in Phillipi gaan werk, al het hy geweet dit was gevaarlik. • Stone het homself nie opgepas nie. • Stone het gaan hulp soek by die toordokter en dit was teen Poppie se wense. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.11	Die alkoholmisbruik het ... • tot opstande gelei. • gesinne verwoes. • tot armoede gelei (al die geld is vir drank gebruik en die gemeenskap het armer geword). • toegeneem, want kinders het hulle ouers se voorbeeld gevolg en begin drink. • daartoe gelei dat die kinders hulle respek vir die ouer mense verloor het. • daartoe gelei dat kinders grootmense aangerand het. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.12	• Stone is dood. • Poppie het nie genoeg geld in Oos-Londen verdien nie. • Poppie moes haar kinders op skool kon hou. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
5.13	Die meisiekinders ... • sou weg wees van die moeilikheid in die Kaap/sou veiliger as in die Kaap kon woon. • kon nie sonder toesig in Mdantsane woon nie. • kon hulle kultuur aanleer. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.14	• Poppie moes vir Vukile sorg,✓ maar dan moes sy haar jongste (Fezikile) agterlaat. ✓ • Poppie moes haar eie kind los✓ om Bonsile se kind te versorg.✓ • Poppie het besef sy het 'n verantwoordelikheid teenoor Bonsile se kind, ✓maar dan sou sy haar eie kind moes los.✓ • Poppie moes kies watter een van die twee kinders sy moes versorg. ✓✓ *(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien.Twee punte of geen punte.)*	2
5.15	Stone	1
5.16.1	• E • Poppie leer van haar taal en kultuur. • E Poppie leer van haar taal en kultuur. *(Enige EEN)*	1
5.16.2	• C • Poppie kry 'n huisie in Jakkalsvlei waarop sy trots kan wees. • C Poppie kry 'n huisie in Jakkalsvlei waarop sy trots kan wees. *(Enige EEN)*	1
5.16.3	• A • Poppie se kinders kan skoolgaan. • A Poppie se kinders kan skoolgaan. *(Enige EEN)*	1
5.16.4	• B • Poppie het 'n pas wat vir haar sekuriteit bied. • B Poppie het 'n pas wat vir haar sekuriteit bied. *(Enige EEN)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.17	• C • haar kinders • C haar kinders *(Enige EEN)*	1
5.18	• Dit is toneelaanwysings/neweteks. • Dit verduidelik wat die karakters moet doen. • Dit dui gedagte/handeling aan. • Dis nie deel van die dialoog nie. • Dit gee aan die leser 'n visuele beeld van wat in die hof gebeur. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.19	• Dit is ironies, want ... • Bonsile het vir Poppie hartseer gebring/'n ekstra las gebring. • niks het eintlik vir Poppie reggekom na Bonsile se geboorte nie. • Poppie het steeds na Bonsile se geboorte met haar pas gesukkel/gesukkel om werk te kry. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.20.1	Poppie loop nie weg van haar verantwoordelikhede nie. *(5.20.1 moet korrek wees om 'n punt by 5.20.2 te verdien)*	1
5.20.2	• Poppie het finansieel vir die baba gesorg. • Poppie het geweet sy moet na die baba omsien. • Poppie het nie die baba as 'n las gesien nie. • Poppie het opgestaan en gaan werk al was sy hartseer oor/na haar man se dood. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.21	Stone het vir Bonsile die voorbeeld gestel dat jy ... • netjies moes wees. • daar moet wees vir jou kind. • finansieel vir jou kind moet sorg. • jou kind se ma moet ondersteun. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.22	• Poppie het besef dat daar nie vrede sal kom nie. • Poppie het besef dit maak nie saak wat jy beplan nie, die Here bepaal jou pad. • Poppie het besef dat alles toe oorgegee moes word in haar kinders se hande. • Poppie het besef dat haar kinders ingesleep is by die moeilikheid, maar sy kon hulle nie help nie. • Poppie het besef dat sy gedoen het wat sy kon en haar kinders moes toe verder aangaan. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.23	• Dit ondersteun die feit dat Poppie probeer het om haar kinders in geloof groot te maak. • Dit dui aan dat Poppie net aanhou bid vir haar familie en kinders. • Die boodskap is dat die Here se wil geskied. • Ons moet aanvaar dat sekere dinge nie verander kan word nie. • Om 'n atmosfeer van berusting te skep. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[35]

VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.1	• Willem kon nie praat nie. • Willem het 'n spraakprobleem gehad. *(Enige EEN of soortgelyk)*	1
6.2	• Dit was 'n klein/**afgeleë** stasietjie in die Karoo. • Niemand het geweet van 'n sirkus wat hierheen sou kom nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.3	• Die nar ken Willem glad nie. • Willem is klein om so 'n groot dier te kan hanteer. • Die nar het nie geweet of kind en dier se temperamente sou aanpas nie. • Willem het dan glad nie gereageer toe die nar met hom praat nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.4	Die sirkusmense het ... • Hendrik se stasie beledig (moerse ou stasietjie). • Hendrik gespot/name genoem. • Hendrik gedreig/getart deur messe in kratte langs hom te gooi. • Hendrik se instruksies om nie op die trokke te klim nie, geïgnoreer. • nie na Hendrik geluister nie. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
6.5	• Bertie het Emma vasgedruk/haar probeer soen/onwelvoeglik opgetree. • Bertie het Emma van agter af gegryp/aan haar boude gegryp. • Bertie het Emma teen die trok vasgedruk en haar gemolesteer. • Bertie het onder Emma se rok gevroetel. • Bertie het vir Emma afgeloer. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.6	Katrien het die treine gesien as ... • haar ontvlugting/ontsnapping. • 'n manier om weg te kom van die stasie af. • vryheid/'n beter toekoms/lewe. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.7	Dit wys ... • dat Willem se selfvertoue verbeter. (Mag ook voorbeelde noem van verbeterde selfvertroue). • die vriendskap tussen Willem en die nar. • op tydsverloop. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.8	• A • tekeninge te maak. • A tekeninge te maak. *(Enige EEN)*	1
6.9	Skuur	1
6.10.1	Willem se ouers het (voor hom) baklei/gestry/geargumenteer.	1
6.10.2	• Hendrik het besef dat Katrien vir hom lief was. • Hendrik het besef dat Katrien hom nie vir 'n ander man sou los nie/dat hy die enigste liefde in Katrien se lewe was. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.11	• Hendrik sou Manuel weggestuur/ weggejaag het. • Willem sou nie meer 'n vriend gehad het nie. • Manuel se paljas sou nie gewerk het nie. (Voorbeelde kan genoem word) *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.12	was klaar met die sirkus.	1
6.13.1	Emma ... • het weer begin klavier speel. • kon teen haar pa opstaan. • sê dat hulle moes praat oor dit wat belangrik is. • was bereid om vir Nollie 'n kans te gee. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.13.2	Willem ... • het weer gepraat. • was gelukkig. • het ook begin musiek maak. • se selfvertroue het gegroei/se angstoestand het verdwyn. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.13.3	Hendrik ... • se verhouding met Katrien het verbeter/was toe 'n beter man vir sy vrou. • het sy huismense beter verstaan/na hulle geluister/was 'n beter pa vir sy kinders. • kon die dorpsmense vergewe. • kon saam met sy gesin/vriende dans en lag. • kon toe praat oor dinge wat belangrik is. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.14	• Dit is toneelaanwysings/neweteks. • Dit verduidelik wat die karakters moet doen. • Dit dui gedagte/handeling aan. • Dis nie deel van die dialoog nie. • Dit gee aan die leser 'n visuele beeld van wat in die hof gebeur. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.15	Willem het vir Manuel/die nar kos gevat. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.16.1	• C • Daar is skinderstories oor Katrien. • C Daar is skinderstories oor Katrien. *(Enige EEN)*	1
6.16.2	• A • Die dorpsmense glo dat die McDonalds met duiwelskuns besig is. • A Die dorpsmense glo dat die McDonalds met duiwelskuns besig is. *(Enige EEN)*	1
6.16.3	• D • Hy skiet die eerste skoot op die nar. • D Hy skiet die eerste skoot op die nar. *(Enige EEN)*	1
6.16.4	• B • Hendrik en sy gesin verlaat die dans. • B Hendrik en sy gesin verlaat die dans. *(Enige EEN)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.17	Die dominee ... ○ het nie geweet wat die waarheid is nie. ○ het die mense in hul skinderstories ondersteun. ○ het die McDonalds swak geken. ○ was partydig. ○ het nie die rol van vredemaker gespeel nie. • Hendrik-hulle was ook deel van sy gemeente nes die skinderbekke. • 'n Dominee moet mense die regte pad wys/teregwys as hulle skinder. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.18	• D • op mense se gesigte te teken. • D op mense se gesigte te teken. *(Enige EEN)*	1
6.19	D Hendrik raak van die nar se teenwoordigheid bewus. A Die McDonalds versorg die nar. B Die nar gee sy konsertina vir Willem. C Die dorpsmense aanvaar die McDonalds.	4
6.20.1	Hulle glo net hulle is reg. (onverdraagsaam) *(6.20.1 moet korrek wees om 'n punt by 6.20.2 te verdien)*	1
6.20.2	• Hulle jaag mense wat anders lyk/die nar uit hulle kerk. • Hulle veroordeel sonder om die feite te hê. • Hulle skinder. • Hulle is aggressief teenoor onskuldige mense. • Hulle sal selfs moor in die naam van die dominee. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.21	• Manuel wou graag by die McDonalds wees,✓ maar hy het besef hulle word oor hom gestraf.✓ • Manuel het lief geword vir die McDonalds/sou graag vir Willem verder wou ondersteun,✓ maar hy was ook lief vir die sirkus.✓ *(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen.)*	2
6.22	Manuel het vir Willem geleer dit is beter om te lag of te speel as om te huil/die lewe is te kort vir trane. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
6.23	• Manuel se paljas het gewerk. • Manuel het hom geleer om weer te lag/te speel. • Willem kon weer praat. • Willem se gesin/ouers was gelukkig, toe was hy gelukkig. • Die spanning/angs in sy lewe was weg. • Emma het weer klavier gespeel. • Emma en Nollie was bymekaar. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA - Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1	• Die magistraat moes sê wie se kind Benjamin was. • Die magistraat moes vasstel of Benjamin die vermiste Van Rooyen-kind was. • Die magistraat moes besluit by wie Benjamin hoort. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.2	• Fiela was **ongelukkig/kwaad/verontreg.** • **Fiela het nie lekker gevoel** nie. • Fiela was **hartseer/ontsteld** (dat hulle haar kind gaan wegvat). • Fiela was **bekommerd/b**ang (oor wat die hof gaan besluit). • Fiela was **onrustig/senuagtig** (omdat sy geweet het Benjamin was wit en het by hulle grootgeword). • Fiela was **hoopvol/optimisties** (dat die magistraat in haar guns sou besluit). *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.3	D 'n Driejarige kind verskyn voor Fiela se agterdeur. A Die sensusmanne kom Wolwekraal toe om die mense op te skryf. C Benjamin sê vir Fiela dat sy skuitjie tot onder in die vangdam gedryf het. B Fiela knoop vyf sjielings in die lap om te wys dat die Komoeties nie kaalgat is nie.	4
7.4	• D • daar was nie vir haar plek om saam Knysna toe te ry nie. • D daar was nie vir haar plek om saam Knysna toe te ry nie. *(Enige EEN)*	1
7.5	• Benjamin is saam met vreemdelinge/die Van Rooyens Bos toe. • Benjamin was bang/verward/gespanne omdat hy saam met die Van Rooyens moes gaan. • Benjamin het ontuis by die Van Rooyens gevoel. • Benjamin is weggeneem van die Komoeties af. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.6	weledele heer	1
7.7	• Een van die sensusmanne • Lange (met die bril) • Die man wat sy trommel gaan haal het *(Enige EEN)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.8	• Barta was bang (vir Elias/die vreemde situasie). • Barta was onseker van haarself /verward/onder druk/het nie geweet wat om te doen nie. • Barta was gewoond daaraan om te doen wat ander haar beveel om te doen. • Barta was iemand wat haar maklik laat intimideer/ manipuleer het. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.9	• Barta wonder of sy moet jok ✓of die waarheid praat.✓ • Barta was onseker of dit haar kind was, ✓ maar sy probeer die indruk skep dat sy seker is dis haar kind. ✓ • Barta het **skuldig gevoel** dat sy gejok het,✓ maar sy was ook **verlig** dat hierdie kind miskien haar verlore kind is.✓ • Barta het **skuldig gevoel** dat sy beïnvloed is om die seun met die blou hemp uit te ken,✓ maar **verlig** dat sy nie self moes besluit nie.✓ • Barta was **verlig** dat sy klaar met die magistraat was,✓ maar sy was **bang** hy sou uitvind dat sy gelieg het.✓ • Barta weet Benjamin is nie haar seun nie,✓ maar sy kies hom nietemin. ✓ *(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen punte.)*	2
7.10.1	Die magistraat het besluit dat ... • Benjamin die Van Rooyens se verlore kind was. • wit bly by wit • Benjamin saam met die Van Rooyens huis toe moes gaan. • dit vir Benjamin beter sou wees by die Van Rooyens. • hy Lukas van Rooyen was. • Benjamin nie 'n Komoetie was nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.10.2	• Elias het ... o net 'n ekstra paar hande gesoek om te werk. o vir Lukas misbruik/sleg behandel. (Mag ook voorbeelde van hierdie misbruik noem.) o Lukas se kindwees van hom ontneem. o nie soos 'n liefdevolle vader/ouer teenoor Benjamin opgetree nie. o nie regtig vir sy (verlore) seun omgegee nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.11	• Fiela het nie geleentheid gehad om haar kant van die saak te stel nie/net na Barta geluister/nie na al die feite gekyk nie (driejarige kind oor berg/watter klere die kind aangehad het nie). • Die magistraat het die besluit op grond van Lukas se velkleur geneem. • Fiela kon Benjamin nie groet nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.12	• Dit is toneelaanwysings/neweteks. • Dit verduidelik wat die karakters moet doen. • Dit dui gedagtes/handeling aan. • Dis nie deel van die dialoog nie. • Dit gee aan die leser 'n visuele beeld van wat in die hof gebeur. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.13	• Die eerste keer wou sy 'n klagte teen die sensusmanne lê (wat haar kind kom haal het en nie teruggebring het nie)/gaan hoor waar haar kind was. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)* • Die tweede keer wou sy: o by die magistraat/Salomo vra hoekom hy nie al twee die ma's hof toe laat kom het nie. o die magistraat oor sy besluit konfronteer. o weet hoe die magistraat gedink het hoe so 'n jong kind so ver kon loop. o hê die bosvrou moes kom sê wat haar kind aangehad het die dag toe hy weggeraak het. o weet wat van haar kind geword het/waar haar kind was. o die magistraat oortuig om haar kind terug te gee. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
7.14	'n goeie opvoeding gekry.	1
7.15.1	• C • Barta dring daarop aan dat Elias eerder vir Nina slaan. • C Barta dring daarop aan dat Elias eerder vir Nina slaan. *(Enige EEN)*	1
7.15.2	• D • Elias kry inligting oor die rigting waarin Lukas probeer wegloop. • D Elias kry inligting oor die rigting waarin Lukas probeer wegloop. *(Enige EEN)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.15.3	• B • Lukas moet leer almal deel alles in die Bos. • B Lukas moet leer almal deel alles in die Bos. *(Enige EEN)*	1
7.15.4	• E • Lukas kan nie sy broer se begrafnis bywoon nie. • E Lukas kan nie sy broer se begrafnis bywoon nie. *(Enige EEN)*	1
7.16	• D • gelieg het oor • D gelieg het oor *(Enige EEN)*	1
7.17.1	Fiela het Benjamin ... • fisies versorg. • emosioneel versorg. • van liefde en omgee geleer. • soos haar eie kind grootgemaak/was die enigste ma wat hy geken het. • toegelaat om kind te wees. • 'n goeie opvoeding gegee/leer lees en skryf/van die Bybel geleer. • trots gemaak op wie hy was/om 'n Komoetie te wees. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.17.2	Nina het ... • Benjamin liefgehad/hom as haar broer gesien • Benjamin kom vertel dat Dawid dood is. • die boodskap dat Benjamin nie gaan terugkom nie aan Elias gaan oordra. • Benjamin probeer beskerm. • na Benjamin geluister as hy oor sy soeke na sy identiteit praat. • Benjamin/Lukas aangespoor om uit te vind wie hy werklik is. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.17.3	John Benn ... • het vir Benjamin werk gegee. • het verstaan dat Benjamin trots was om 'n Komoetie te wees. • het verstaan dat Benjamin wou teruggaan Lange Kloof toe. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.18.1	Hy is aggressief. *(7.18.1 moet korrek wees om 'n punt by 7.18.2 te verdien)*	1
7.18.2	• Elias sou, as hy kon, honde op Fiela sit om haar te verjaag. • Elias skree op Lukas. • Elias dreig vir Lukas met 'n osriem. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.19	• Fiela was hartseer omdat Tollie tronk toe moes gaan/nie die boerdery kon oorneem nie. • Fiela was hartseer oor Tollie se verkeerde dade/dronkenskap/messtekery. • Fiela het gevoel dat sy nie vir Tollie die regte pad gewys het nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.20	Benjamin het die (spook)skip gesien. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.21	Kaliel September het vir Benjamin ... • werk gegee • 'n blyplek gegee. • kos gegee. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.22	• Benjamin het grond gehad waarop hy kon boer. • Benjamin het stabiliteit gehad. • Benjamin sou saam met die mense wees vir wie hy lief was. • Benjamin kon 'n toekoms saam met Nina beplan. • Benjamin kon wees wie hy altyd wou wees/'n Komoetie wees. • Benjamin het toe vir seker geweet hy was nie Lukas van Rooyen nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
7.23	• Benjamin wou die waarheid oor sy identiteit vir Nina gaan vertel. • Benjamin wou vir Nina gaan sê dat hy vir haar lief is. • Benjamin wou Nina vra om saam met hom Lange Kloof toe te gaan. • Benjamin het Nina gaan sien. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[35]

	TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

SPIEËLBEELDE

VRAAG 8.1: "VAN PRECIOUS: 'N BUISIE SALF" – Maretha Maartens

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
8.1.1	• Mevrou Buchner • Die onderwyseres (wat by die redenaarskompetisie betrokke is). *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.1.2	• (Die) Waarheids-(en-Versoeningskommissie) • Waarheid en versoening • Dit het oor politiek/apartheid gehandel. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.1.3	Coenie het 'n lelike vel/probleemvel/baie puisies/aknee gehad. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.1.4	• C • Skoonlief en die Ondier • C Skoonlief en die Ondier *(Enige EEN)*	1
8.1.5 (a)	Mev Buchner het ... • hom aangemoedig/laat verstaan dat hy talent het. • hom as een van die (vyf beste) sprekers **gekies**. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.1.5 (b)	Ma ... • wil wenke gee sodat hy nie 'n gek van homself maak nie. • bring Coenie se skaamheid onder die onderwysers se aandag. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.1.5 (c)	Louise ... • behandel hom soos 'n mens/behandel hom nie asof hy melaats/'n hond is nie. • glimlag soms met hom. • sien nie sy velprobleem raak nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.1.6	Aan die een kant was hy voorbereid/reg/lus vir die kompetisie, ✓ maar/want/en aan die ander kant het sy gedagte aan sy lelike vel hom bang gemaak/laat dink om nie deel te neem nie. ✓ *(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen punte.)*	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
8.1.7	D Almal probeer vir Coenie raadgee oor die redenaars-kompetisie. A Die redenaars vertrek saam met hulle onderwyseres. B Die bussie rol. C Coenie en Precious deel hulle geheime en hou mekaar aan die lewe.	4
8.1.8	• Die twee kinders kon die **waarheid** met mekaar praat/geheime deel. • Die gesprek het vir Coenie met sy probleme **versoen**. • Die kinders uit verskillende kulture kan mekaar ondersteun. (*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.1.9	Precious is verkrag. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.1.10	(a) Precious gee oplossings vir ander se pyn en probleme. (8.1.10 (a) moet korrek wees om 'n punt by 8.1.10 (b) te verdien)	1
	(b) Toe Precious hoor wat Coenie se probleem is ... o vertel sy hom wat haar broer doen vir sy vel/noem van wat haar broer vir sy vel doen – gebruik spiritus en spoel sy gesig met soutwater af. o bied sy aan om vir hom salf skol toe te bring. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.1.11	Coenie besef dat ... • Precious nie sy lelike vel raakgesien het nie. • sy velprobleem nie so uniek is nie. • sy probleemvel nie altyd deur ander mense raakgesien word nie. • sy velprobleem onbenullig is in vergelyking met wat met Precious gebeur het. • sy velprobleem tydelik is/net uiterlik is, maar dat letsels van binne moeiliker genees. • as mense vir jou omgee, maak die uiterlike nie saak nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
	EN	

VRAAG 8.2: KONTEKSTUELE VRAAG

"ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN" – Margaret Bakkes

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
8.2.1	• Hy was in 'n (motorfiets) ongeluk. • Hy het sy been baie seergemaak in 'n (motorfiets) ongeluk. • Hy is deur 'n motorfiets raakgery/geskep. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.2.2	Jaap het hom ... • genooi om op die (wilds)plaas te gaan kuier. • omgepraat om saam met hom (wilds)plaas toe te gaan. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.2.3	Die jongman se pa het ... • met dokters gaan praat om die operasie (met nog 'n week) uit te stel (sodat sy seun kon plaas toe gaan). • vir hom 'n bakkie gekoop (sodat hy meer vryheid kon hê). • voorgestel dat sy seun Natuurbewaring moes gaan studeer. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.2.4	• Die een het hom gelos omdat hy te lank buite aksie was met sy been/omdat sy gips glo gestink het/hy het befoeterd geraak/hy het te veel verander. • Die ander een wou nie 'n jaar vir hom wag nie./Hy was te ver van die ander een af. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
8.2.5	Dit is jare waarin ... • dit met die jongman sleg gegaan het. (Mag voorbeelde van slegte dinge gee – jare waarin hy pyn gehad het) • daar niks opwindends/goeds/positiefs in die jongman se lewe plaasgevind het nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.2.6	of sy passie vir die natuur die moeite werd is	1
8.2.7	• Daar is (nou) so baie positiewe dinge dat hy wil wakker wees om daaroor te dink. • Hy dink dit is 'n sonde om te slaap as die natuur en die geluide snags so mooi om jou is. (*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.2.8 (a)	• Die jongman was lief vir die natuur. • Hy was nie 'n stadsmens nie. • Die proeftydperk was nie vir hom te lank nie. • Hy was 'n alleenmens wat hierdie werk sou geniet. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
8.2.8 (b)	Die jongman ... • was nou tevrede met sy lewe. • wou hierdie nuwe fase met iemand deel. • was meer optimisties oor die lewe. • was nou goed genoeg vir 'n ander Nina. • kon nou vir iemand 'n toekoms bied/het nou werk gehad. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.2.9	kon wegkom van alles wat vir hom sleg is	1
8.2.10	• A • nou gelukkig in sy werk is. • A nou gelukkig in sy werk is. *(Enige EEN)*	1
8.2.11	Dit simboliseer die natuur/buitelewe wat na die jongman roep. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
8.2.12 (a)	• C • Die jongman begin die dokters en volwassenes wantrou. • C Die jongman begin die dokters en volwassenes wantrou. *(Enige EEN)*	1
(b)	• B • Die jongman is geïrriteerd. • B Die jongman is geïrriteerd. *(Enige EEN)*	1
(c)	• A • Die jongman beleef vryheid op die plaas. • A Die jongman beleef vryheid op die plaas. *(Enige EEN)*	1
(d)	• D • Die jongman se lewe is nou weer doelgerig. • D Die jongman se lewe is nou weer doelgerig. *(Enige EEN)*	1
		[35]

	TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

9.1 BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN – Marita van Aswegen

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
9.1.1	• Dit sê vir ons waar die gebeure afspeel. • Die gebeure speel by die robot in Eerstelaan af. • Dit gee (gedetaileerde) inligting oor die ruimte. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.1.2	• "twee pare voete" • "pare voete girts" *(Enige EEN)* *(DRIE opeenvolgende woorde)*	1
9.1.3	• (Uit reël 3 lei ons af dat) hy die vorige dag/gister ook daar gestaan het. • "sy bene is so lam van gister se staan" *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.1.4	Die blinde ... • protesteer nie/kom nie in opstand nie/is inskiklik/is passief. • doen alles wat vir hom gesê word om te doen/is gehoorsaam/onderwerp hom aan die tsotsi. • tree soos 'n robot op. • bedel sonder om daaroor te kla. • aanvaar net sy lot. • laat hom manipuleer/tree op asof hy nie 'n sê het nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.1.5	• C • hy die reuk van die vis en tjips kry. • C hy die reuk van die vis en tjips kry. *(Enige EEN)*	1
9.1.6	uiterlike	1
9.1.7	• Hy is listig/slu/skelm/bedrieglik/aggressief/dreigend/ gevaarlik. • Hy drink/is 'n alkoholis/dronkaard. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.1.8	• Ek is/voel woedend/kwaad/haat (die tsotsi). • Ek voel afsku./Ek hou nie van die tsotsi nie. • Ek is/voel ongelukkig/hartseer/teleurgesteld (oor die tsotsi se optrede). • Ek is/voel aggressief (teenoor die tsotsi). • Ek is/voel gefrustreerd. • Ek is/voel magteloos. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
9.1.9 (a)	• "klingel" • Klingel • Geld klingel in die blikkie. • in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand • blikkie klingel *(Enige EEN)*	1
9.1.9 (b)	• Dit is hoe die bedelaar sy wêreld leer ken – klanke. • Die bedelaar kan nie sien nie/is blind. • Die bedelaar kan net op sy gehoor staatmaak om sy omgewing te verstaan. • Die spreker skep 'n beeld van die bedelaar se wêreld. • Die klanknabootsing laat ons ervaar wat die blinde ervaar. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.1.10 (a)	• D • vergelyking • D vergelyking *(Enige EEN)*	1
9.1.10 (b)	• C • personifikasie • C personifikasie *(Enige EEN)*	1
9.1.10 (c)	• A • alliterasie • A alliterasie *(Enige EEN)*	1
9.1.11	• Die tsotsi vat (al) die geld wat die bedelaar kry. • Die bedelaar gaan nie daardie geld kry nie. • Die tsotsi gaan met die geld bier koop. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.1.12 (a)	FISIES: • Die blinde bedelaar moet die heeldag staan (en bedel). • Die blinde se arm word geruk/gepluk. • Die tsotsi laat die bedelaar honger ly. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings moet verduidelik word.)*	1
9.1.12 (b)	EMOSIONEEL: • Die tsotsi lag die blinde uit. • Die tsotsi dreig/sê dat as die blinde nie geld kry nie, los hy hom net daar (in die straat). • Die tsotsi praat lelik met/tree gevoelloos op teenoor die bedelaar. • Die tsotsi laat die bedelaar bang/angstig voel. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings moet verduidelik word.)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
9.1.13	Ek voel: • jammer✓ • simpatiek✓ • ongelukkig✓ • hartseer✓ • skuldig✓ • gefrustreerd✓ • kwaad✓ • hulpeloos✓ • dankbaar✓ Hoekom voel ek só: • Niemand behoort so swaar te kry nie.✓ • Hulle lewens is moeilik.✓ • Hulle word misbruik.✓ • Dit kon ek gewees het.✓ • Ons doen nie genoeg vir ons medemens wat swaarkry nie.✓ • Ons behoort meer te doen.✓ • Ek weet nie of die geld wat ek gee deur hulle gebruik sal word nie. ✓ *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. EEN punt vir gevoel en EEN punt vir rede hoekom jy so voel.)*	2

	EN	

VRAAG 9.2: "HUISKAT" – Elizabeth Eybers

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
9.2.1	Ons verwag dat so 'n gedig sou handel oor ... • die beskrywing van 'n (mak) kat/troeteldier. • 'n huisdier/troeteldier (wat heeldag by die huis bly). • die liefde vir 'n huiskat. • die lekker lewe van 'n huiskat. • 'n huiskat wat tevrede/gelukkig is. • die liefde en versorging van die troeteldier. • wat die huiskat vir die mens beteken. • inligting oor 'n huiskat. • enige huiskat. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.2.2	• Die kat **strek** haar (bene) uit. • Die kat **staan op**. • Die kat **buig** (haar rug). • **strek** hoog op vier strak bene, **buig**. *(Enige EEN)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
9.2.3	• "oopgevlek" • oopgevlek *(Enige EEN)* *(EEN WOORD)*	1
9.2.4	• "fluwelig" • fluwelig • Die pels lyk soos fluweel. Die pels is sag/glad. *(Enige EEN)*	1
9.2.5	• B • 'n metafoor. • B 'n metafoor. *(Enige EEN)*	1
9.2.6	• smal/skerwe/smal skerwe (Vorm) • agaat/bruin/geel/groen of kombinasie van kleure (Kleur) • koud/sonder gevoel (Gevoel) *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
9.2.7	• (Die spreker voel) die kat is sonder siel. • (Die spreker) wil nie 'n waarde/identiteit aan die kat gee nie. • (Die spreker) gee nie om/is nie lief vir die kat nie. • "Ons noem haar 'kat' want sy is sonder siel en anoniem" *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.2.8	• Gelaat • "gelaat" *(Enige EEN)*	1
9.2.9	• "kronkel" • kronkel *(Enige EEN)*	1
9.2.10	• Om die kat te steriliseer was, nie reg nie; eerder verkeerd vir die kat. • Die kat is nie toegelaat om kleintjies te kry nie. • Die kat se vermoë om te kan voortplant is van haar weggeneem. • Daar was nooit iets verkeerd met die kat nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.2.11	om die ekstra inligting te beklemtoon	1
9.2.12	"st<u>ee</u>ds <u>ee</u>nselwig, alle t<u>ee</u>rheid stuit" *(Enige TWEE woorde se assonerende klanke moet onderstreep word)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
9.2.13	• Die spreker wou liefde vir die kat wys. • Die spreker wou die kat vertroetel/streel/vriende maak/vrede maak. • Die spreker wou aan die kat vat/met die kat speel. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.2.14	• Die kat maak haar oë toe (wil nie oogkontak maak nie). • Die kat glip by die spreker se hand verby/skram weg/beweeg weg. • Die kat vermy kontak met die spreker. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.2.15	• Jy moet jou troeteldier/kat se behoeftes/persoonlikheid ken. • Jy leer van 'n kat se temperament. • Jy leer dat 'n kat ook emosies het. • Katte hou nie altyd daarvan om vertroetel/gestreel te word nie. • 'n Mens nooit 'n kat moet probeer besit nie • Jy kan 'n kat moeilik tem. • Dit is wreed om 'n kat te steriliseer. • Jy leer verskillende eienskappe/feite oor 'n kat/eienskappe en feite kan genoem word. (Nie direkte aanhalings nie.) *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
9.2.16	Dit dui aan dat ... • die kat oorspronklik 'n wilde dier was. • 'n kat 'n onafhanklike/eenselwige dier is. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[35]
TOTAAL AFDELING D: 35		
GROOTTOTAAL: 70		

Kopiereg voorbehou